CCPS An AIChE Technology Alliance Center for Chemical Process Safety
www.aiche.org/ccps


Process Safety Beacon
http://www.aiche.org/CCPS/Publications/Beacon/index.aspx
**Boodskap aan bedryfspersoneel**


This issue sponsored by
ioMosaic
www.iomosaic.com

# Gee jou alarms werklik alarm?

**Oktober 2017**




- Weet jy van Aesop se fabel: “Die seun wat wolf-wolf geskree het?” Die seun was ’n skaapwagter wat gereeld dorpsmense vir die gek gehou het deur wolf-wolf te skree al was daar glad nie ‘n wolf nie. Met verloop van tyd het die dorpenaars hom begin ignoreer. Eendag was daar werklik ‘n wolf (1) en toe hy om hulp roep het almal aangeneem dis weer ’n vals alarm. Niemand het kom help nie en die wolf het van die skape gevang. In die Engelse weergawe van die fabel uit die 15 de eeu het die wolf die seun ook opgevreet, dalk ’n goeie analogie van die potensiële gevolge as ’n alarm in ’n chemiese aanleg geïgnoreer word.
- Is daar alarms in jou aanleg wat onbetroubaar is en gereeld vals alarms gee miskien as gevolg van ’n foutiewe sensor of moontlik omdat dit te naby die normale bedryf kondisie gestel is? Sal jy weet wanneer die alarm dalk waarsku teen ’n werklike gevaar situasie wat optrede vereis? Of, is daar dalk irriterende lastige herhalende alarms wat waarsku teen klein proses afwykings wat nie regtig optrede vereis nie. As daar dalk baie van die alarms afgaan is die kans goed dat jy ’n belangrike alarm mis.
- Die US Chemical Safety Board (CSB) het in 2010 ’n insident ondersoek by ’n aanleg in Wes-Virginia waar die ignorering van ’n alarm veroorsaak het dat daar giftige chemiese stof in die proses gebou vrygelaat is. Die bars skyf op ’n reaktor vol metiel chloried het gebars, en giftige, vlambare materiaal in die ventilasie pype afgeblaas. Die bars skyf is ontwerp met ’n alarm wat waarsku as die bars skyf gebreek het, en die alarm het gewerk. Die alarm het egter gereeld sonder rede afgegaan al was die bars skyf nie gebreek nie. Operateurs het aangeneem dis weer ’n vals alarm en nie ondersoek ingestel nie. Daar was ’n dreinpyp met ’n klein gaatjie in op die ventilasie pyp. Metiel chloried het by die gaatjie uitgelek in ’n deel van die prosesgebou waar mense selde kom. Die lek het 5 dae aangehou voordat ’n gas detektor bedoel om ander gasse op te tel afgegaan het. Ongeveer 900 kg metiel chloried het in die gebou uitgelek.

## Wat kan jy doen?

- Moet nooit veiligheids alarms ignoreer nie. Veiligheids alarms behoort ’n spesifieke reaksie prosedure te hê, en jy moet altyd stiptelik die prosedures volg. Maak seker jy verstaan die reaksie prosedures vir elke alarm en dat jy opgelei is vir elkeen.
- As daar lastige en herhalende alarms is, veral as dit veiligheids alarms is, wat aan en af gaan of in alarm kondisie bly, rapporteer dit aan instrumentasie tegnici en bestuur en werk saam met hulle om die probleem op te los.
- As die alarm nie ’n reaksie nodig het nie, werk saam met bestuur om dit te elimineer want hulle trek aandag af van werklike belangrike alarms. Moet nooit die set punte van alarms verstel tensy jy toestemming het om dit te doen nie.
- Maak seker dat enige veranderinge aan alarm ontwerp of toerusting, alarm set punte of alarm reaksie prosedures deeglik deur die Bestuur van Verandering proses (MOC) gaan en dat dit ’n risiko analise insluit. Dit sluit ook in dat almal wat geaffekteer word deur die verandering deeglik ingelig en opgelei word in die verandering.

***Moet nooit veiligheids alarms ignoreer nie – Daar is dalk werklik n “wolf”!***

©AIChE 2017. All rights reserved. Reproduction for non-commercial, educational purposes is encouraged. However, reproduction for any commercial purpose without express written consent of AIChE is strictly prohibited. Contact us at ccps_beacon@aiche.org or 646-495-1371.